# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 62e Uitgawe 8 Mei 2015 saam met Koersvas 62




**STAAT VAN BELYDENIS**
**Opsommende navraag**

Die afgelope sewe uitgawes van Die Skietlood het elk van die sake wat in die Staat van Belydenis (SvB) ter sprake was, bespreek. In hierdie uitgawe gaan die sake by wyse van opsomming (aanhalings) herhaal word, en gaan daarmee saam aandag gegee word aan 'n voorstel wat gemaak is.

Die voorstel lui: *Ek het net gewonder aangesien dit so 'n belangrike saak is of ons nie die Skietlood artikels op die Bondsvergadering moet bespreek nie? Dan is ons seker dit is 'n Bondstandpunt. Kyk byvoorbeeld ons vassteling van die ondertekeningsformule – daar het mooi verfynings en formulerings na vore gekom toe die vergadering kans kry om daaroor te praat. Ons wil ook graag hê die NHKA moet met ons oor die inhoud van die SvB gesprek voer.*

Om die voorstel eerste aan die orde te stel: Dit maak baie sin om die SvB tydens die Bondsvergadering te bespreek. Dit is korrek dat die SvB 'n Bondstandpunt is. Hoe en waar dit ter sprake moet kom, is nie uitgepluis nie. Die Bondsvergadering sal waarskynlik diepgaande oor die sake moet dink en praat. Dit is die taak van die Bondsvergadering om hierdie sake te bespreek en by wyse van konsensus verdere gesag aan die dokument te gee, of dit te relativeer tot geskiedkundige dokument.

In aansluiting hierby, moet die vraag telkens wees na die positiewe stel van sake. Die SvB stel wel sake positief, maar meer in die styl van Dordt. Dit sou moontlik wees om die sewe sake positief te stel, nie as nuwe belydenis nie maar as verklaring. Dit was in tye van krisis dat die belydenisskrifte hulle beslag gevind het. Die sake wat toe van belang was, is opgeneem in dié dokumente. Die huidige krisis vra na standpunt-inname. Dit is arrogant om te wil pretendeer om 'n belydenis op te stel. 'n Verklaring wat later belydenis kan word, òf in die vergetelheid verdwyn, blyk die raadsame antwoord te wees. Die sewe sake van die SvB wat bespreek is, word nou genoem alvorens 'n eerste poging tot verklaring van geloof/oortuiging voorgestel word.

**1. Imago Dei**

Die eerste saak het gehandel oor die aard van die *imago Dei* (beeld van God) en hoe dit verstaan moet word. "'*n Eerste tentatiewe antwoord kan wees dat imago Dei inderdaad binne die konteks van verhoudings verstaan word. Die mens is in verhouding met God, maar die sonde maak dat die mens hierdie verhouding probeer vernietig en ten minste van sy kant ophef. Die ander een in die verhouding – God – bly getrou. In dié opsig is daar steeds sprake van imago Dei, selfs vir die toegewyde ongelowige heiden*." Ons verstaan die uitdrukking 'beeld van God' sodanig dat alle mense opgeroep word om in gehoorsaamheid aan God te leef. Die sondeval toon egter aan dat die mens dit nie doen nie. Die mens leef nie soos God dit met die mens bedoel het

nie. Die mens is ongehoorsaam aan God en wil self God wees.

**2. Evangelie van Deernis**

Die tweede saak het gehandel met die sogenaamde evangelie van deernis. "*Dit is by nadere ondersoek duidelik dat die deernis op horisontale deernis gebou is en vasgevang is in hierdie bedeling. Dit is 'n morele teologie wat morele vereistes stel as resiproke dade. In hierdie benadering word lewenskwessies gesien as leersake, gewoon omdat dit morele sake (lewenskwessies) as teologiese dieptesaak verstaan. Die opgestane Heer verander ons werklikheid. Dit is die hartklop waarom dit gaan in die tweede saak in die SvB. By hierdie Evangelie het die kerk nog altyd gestaan. Dit is die boodskap van genade en vergifnis met 'n morele appèl.*

**3. Eskatologiese perspektief**

Die derde saak wat na vore gekom het, is die verlies aan eskatologiese perspektief. "*Die nie-meer-so-nuwe kenteken van die NHKA naamlik die voete-was embleem, is ook tekenend van hierdie verlies aan eskatologiese perspektief. Die toeskouer kan kies om die voetewasser as manlik of vroulik te interpreteer. Dieselfde geld die een wie se voete gewas word. Manne en vroue was voete en se voete word gewas. Om te praat van" in Christus se voetspore", maar dan die een wat voete was androgien uit te beeld, beteken dat Christus al op hierdie eenvoudige vlak verloën word. Christus het gekom om mense met God te versoen, dit is Hy en Sy boodskap wat in die middelpunt moet staan. Kerkwees het nie diensbaarheid as doel nie,* ***diensbaarheid is die gevolg van Christus se boodskap verstaan****. Christus se voetspore lei na die kruis, nie na agterstrate en hospitale nie. Ons kan nie in Sy voetspore loop nie, aan die kruis het Hy reeds vir ons sondes betaal. Ons reis begin by die kruis, loop verby die leë graf en hemelvaart, op pad na die ewige lewe. Op hierdie reis moet ons Christus aan almal verkondig en barmhartigheid bewys waar dit nodig is. Die evangelie van deernis is net op hierdie lewe gerig en sien nie die belangrikste van die Evangelie raak nie. Die Evangelie is inderdaad in gevaar. Hierdie voetewassery in sy huidige hermafroditiese, polities-korrekte gewaad maak die verkondiging van koms en wederkoms onmoontlik*."

**4. Huwelik- en gesinslewe**

Die vierde saak wat genoem word het met huwelik en gesinslewe te make. "*So onlangs as 2015 is buitestanders (Bondspredikante) genooi om teen die aanvaarding van homoseksualiteit te praat by 'n NHKA byeenkoms. Die rede vir die uitnodiging aan Bondspredikante was dat daar nie 'n predikant in die NHKA gevind kon word wat bereid was om in die openbaar op 'n platform teen die saak te praat nie; dit terwyl hulle amper tou staan om ten gunste van homoseksualiteit te praat. Die dosente van die NHKA is ook openlik ten gunste van die normalisering van homoseksualiteit 'teologies normaliseer'. Hulle lei toekomstige predikante op en het ook groot invloed in die NHKA. Pleks van die dosente repudieer, word hulle ondersteun en beskerm.*

*Die NHKA het nog nie op hierdie stadium homoseksualiteit 'ontsondig' nie.*

*Tog lyk dit asof die SvB profeties korrek gaan wees. Die SvB is reeds korrek bewys in die opsig dat die NHKA die kanker van valse teologiese denke oor hierdie saak beskerm*." Net soos heteroseksuele persone nie in sondige verhoudings betrokke mag raak nie, net so mag ook homoseksuele persone nie in sondige verhoudings betrokke raak nie. Dit is belangrik om te onderskei tussen homoseksualiteit as seksuele oriëntering en die die toegee aan drange en gevolglike deelname aan homoseksuele verhoudings en dade. Hiermee wil ons onderskeid tref tussen geneigdheid tot en optrede na aanleiding van begeertes.

**5. Belydenisskrifte**

Die vyfde saak wat beredeneer is, is die NHKA se benadering ten opsigte van die belydenisskrifte. "*Dit is nie net die dosente en sekere predikante wat so dink nie. Die skeeftrek van prioriteite blyk ook duidelik uit die hantering van sake deur die Kommissie van- die 69e AKV asook die 70e AKV. Die proponentsformule stel 'n baie duidelike ranglys ten opsigte van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan die Kerkorde en besluite van die AKV moet sekerlik ondergeskik gestel word aan die Bybel en Belydenisskrifte. .... dele van die NHKA in denke reeds ver weg beweeg het van die Belydenisskrifte. Dit is 'n ope vraag of die NHKA se teologiese denke rehabiliteer kan word."*

***6. Gesag van die Bybel***

'n Sesde saak wat hanteer is, het te make met die aard en gesag van die Bybel. *"Die enigste Q-bron wat sin maak, is om na Jesus as Q te verwys. Teen hierdie agtergrond word dit duidelik dat dit baie belangrik is om die gesag van die Bybel op die hoogste vlak te aanvaar. Daardie vlak is die inspirasie vlak. Om dit duidelik te stel, die Bybel **is** die Woord van God. Die gebruik om in teologiese navorsing na Thomas en Q te verwys, is om 'n afgewaterde "verstaan" (interpretasie) van die Bybel te hê. Dit het tot gevolg dat die Boodskap na willekeur verdraai kan word. Enige hantering van die Bybel wat die openbaring relativeer, bedreig die Evangelie."*

**7. Die Waarheid**

Die sewende saak handel oor die leuen wat in 'n AKV besluit verskans is. *" Tot op die dag dat die NHKA erken dat die 68e AKV nie die besluit geneem het nie en daarom 54/69 herroep, koester en vertroetel die NHKA die leuen. Hulle kan onmiddellik 'n nog skerper verwoorde veroordeling neem ten opsigte van "apartheid", dit is nie nou van belang nie. Die leuen van 'n AKV-besluit moes toe ook in die 70e AKV beskerm word. Diegene wat hulle toekoms bou op 'n leuen, moet maar weet die waarheid gaan hom inhaal. Eerder stadig en deeglik in die baan van waarheid, as vinnig in die ekumene baan met die verskansde leuen*."

Kan die sewe sake wat genoem word positief verwoord word? Kan daar 'n verklaring van geloof gemaak word wat binne die groter konteks van die 21e eeu sin maak?

Die Skietlood wil stel dat die sake wat in die NHKA skeefgetrek is, 'n spieëlbeeld is van dit wat in die samelewing aan die gang is. Die groei van Gnostiek, die beheptheid met apokriewe geskrifte, die

verwerping van Goddelike gesag, die relativering van die waarheid, die relatiwisme van geen objektiewe en die ondergrawing van die huwelik is endemies (of is dit pandemies?) aan die 21e eeu.

Hoe kan so ‘n geloofsverklaring daar uitsien? ‘n Eerste voorstel:

Midde in die nuwe uitdagings wat aan ons geloof gestel word, verklaar ons as gelowiges as volg:

1. Ons glo dat alle mense na die beeld van God geskep is. Hierdie *imago Dei* beteken dat alle mense van God se kant af (Skepping) in verhouding met God staan. Die sondeval het die mens se bewustheid van hierdie skeppings-verhouding verduister. Die mens (as verganklike wese) word geroep om mede-mense en God te eer uit dankbaarheid vir die verhouding wat ons met God (Ewige) het. Hierdie optrede is net in Christus moontlik.
2. Ons glo dat die kern van die Evangelie niks anders is as die genade wat God in ons Verlosser Jesus Christus bewerkstellig het nie. Daar is net een werklikheid en dit is dat die mens van sy sonde verlos is en daarom in dankbaarheid ‘n morele lewe moet lei.
3. Ons glo dat daar ‘n einde aan tyd sal wees. By die beloofde wederkoms van ons Heer en Heiland, gaan die hele skepping verander word en gaan alle gelowiges opstaan en die ewige lewe ingaan met verheerlikte liggame. Met die wederkoms sal ‘n nuwe lewe saam met God begin. Hierdie wete roep ons daartoe om verantwoordelik met God se skepping en skepsels om te gaan.
4. Ons glo dat God die mens gemaak het, man en vrou het Hy hulle gemaak. Ons glo die intieme verhouding tussen man en vrou is die enigste lewensverbintenis wat deur die Skepper goedgekeur word. Ons word daartoe geroep om die huwelik (tussen man en vrou) te koester. Ons glo dat net soos heteroseksuele persone nie in sondige verhoudings betrokke mag raak nie, dit ook so ten opsigte van homoseksuele persone geld.
5. Ons is oortuig dat die Drie Formuliere van Eenheid (Nederlandse Geloofs-belydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls) ‘n voldoende en korrekte opsomming is van die waarhede wat in die Bybel verwoord word. Ons steun hierdie dokumente omdat hulle in ooreenstemming met die Woord van God is.
6. Ons glo dat die Bybel die openbaring van God is en daarom as Openbaring hanteer moet word. ‘n Lewende verhouding met die lewende God word net moontlik gemaak deur die Bybel as objektiewe waarheid te aanvaar en benader. In die 66 boeke van die Bybel vind ons alles wat nodig is om God te kan en mag ken.
7. Ons glo dat ons geroep word om die waarheid aan te hang, ongeag die gevolge van sodanige toewyding. Die waarheid is van groot belang. Jesus Christus is die Waarheid en die Lewe.

Is die verklaring nodig? Is die verklaring korrek? Debat en reaksie aan die hand van die Bybel sal dit bepaal.